



## Almanak 2022 – 'n merkwaardige mylpaal

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Almanak, soos ons die jaarboek van die Hervormde Kerk al 116 jaar lank noem, is 'n huisgenoot vir talle Hervormers. Dit is die enigste publikasie van die Kerk wat sedert die eerste verskyning in 1907 nooit onderbreek is nie – 'n merkwaardige mylpaal, en 'n simbool van deursettingsvermoë in tye van onsekerheid.**

In die eeufeesuitgawe (Almanak 2006 wat R50 gekos het), besin dr DJC van Wyk (sr) in diepte oor die doel van dié nuttige gebruiksbok in die lewe van die Kerk vir almal wat in die Hervormde Kerk se kerklike werksaamhede belangstel. Hy noem dit ook 'n speël. *Die Almanak gee perspektief op die voorspoed en teëspoed in die lewe van die kerk, die groei maar ook verval en agteruitgang.* Hy lig ook iets anders uit wat baie belangrik is, en dit is die rol van die Bybel. *Daar was en is steeds sterk klem op die lees, kennis en gebruik van die Bybel, en gereelde omgang met die Bybel in lidmate se persoonlike lewens.* Sedert die eerste uitgawe was daar 'n rubriek om 'n Bybelteks by elke dag te plaas. Sedert 1966 verskyn die Bybelse Dagboek met dagstukkies as deel van die Almanak: op sigself 'n skat wat iets van die teologie van die Kerk reflekteer.

Die inligting wat die Almanak verskaf, weerspieël steeds eietyds die identiteit, lewe en werksaamhede van die Kerk. Oor dekades het sekere rubrieke gekom en gegaan. Die behoefte in die eerste sowat 80 jaar was sterk gerig op verskaffing van goeie leesstof in lang artikels. Dokumentering van kerkhistoriese gebeure, en lewensketse van predikante, ouderlinge en diakens het heelwat aandag gekry. Dit het later verander toe baie rubrieke verdwyn het. Na 'n kort lugleegte in die 1990's verskyn die huldeblyke vir oorlede predikante getrou as herinnering aan ons voorgangers.

Teen 1998 het die name van diensdoende ouderlinge, diakens en vorige predikante verdwyn, maar die lys van diensdoende predikante het gebly. Die lys van ontbinde gemeentes en gemeentes waarvan die name verander het, verskyn sedert 2012 as rigtingwyser vir skribas vir registrasie wat dikwels 'n legkaart moet bou om 'n verdwaalde bewys van lidmaatskap te vind.

Alhoewel die Hervormde Kerk die laaste van die drie Afrikaanse Kerke was om 'n Almanak of Jaarboek te kry (die NG Kerk en Gereformeerde Kerke het albei reeds teen 1875 so 'n publikasie gehad), het dit in die lewe van al drie hierdie Kerke 'n gevestigde plek ingeneem. Dit bly die enigste publikasie wat volhoubaar gebruikersinligting oor die kerklike lewe versamel én publiseer in opdrag van die Algemene Kerkvergadering. Dit bevat in een boek alle statistieke van gemeentes, name van predikante, rade, komitees, diensorgane, ensomeer. Omdat dit in 'n gevestigde publikasie verskyn, is dit toeganklik vir lidmate, navorsers en belangstellendes. Die navorsingselemente is legio, maar voor die hand liggend is die statistieke. Dit is 'n element van die Almanak waarna lesers jaarliks uitsien. Die lees van die tabelle vertel boekdele, soos dat lidmaatgetalle tot 1990 enorm gegroei het en die laaste 30 jaar steeds daal. In 1956, die halfeeufeesjaar, is al kommer uitgespreek dat die doopgetalle begin afneem.

Elke uitgawe bevat 'n redakteurswoord. Die huidige redakteur, prof Wim Dreyer, skryf in 2019: *Om met integriteit kerk te wees, beteken om waarlik kerk te wees, om die onsigbare sigbaar te maak.* Mag die Almanak van 2022 daartoe bydra.

**Nándor Sarkady**  
Argivaris en redaksielid van die Almanak

## Lief en leed



Ds Nico en Henriëtta  
Brayshaw

- Emerituspredikant **ds NCJ (Nico) Brayshaw** is onlangs in die hospitaal behandel vir 'n sny aan die been. Ons is dankbaar dat die besering nie te ernstig was nie. Baie geluk ook aan hom en sy vrou, **Henriëtta**, wat Donderdag 25 November hul 60ste huweliksherdenking vier. Hulle is in 1961 in Ermelo in die huwelik bevestig en woon tans in Ons Tuis Machteld Postmus.



Oudl Simon Kotzé

- **Oudl SL (Simon) Kotzé**, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het 'n nekoperasie ondergaan nadat 'n senuwee in die nek een nag skielik vasgeknyp geraak en pyn en verlamming in sy arm en hand veroorsaak het. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.

- **Oudl JF (Kobus) Viljoen**, sekundus-ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het 'n Achilles-spier geskeur en moes 12 weke lank met 'n ortopediese skoene (*moon boot*) loop. Ons vertrou dat hy volkome herstel het.



Oudl Kobus Viljoen

- **Ds Colin Hertzog** en twee van sy gemeentelede (Middelburg-Noord) het Sondag 21 November deelgeneem aan die **Ysterman Afrika-kampioenskap in Gqeberha**. Hy laat weet soos volg: "Ons het dit ten bate van die Middelburg Hospice gedoen en 'n klompie geld so ingesamel. Nadat die skoot klap, moet jy 3,8 km in die see swem, 180 km fiets ry en 42 km draf. Die swem is vanjaar verkort as gevolg van slegte strome en baie winderige toestande. Dit het die hele dag 'n groot uitdaging gemaak. Al drie van ons het dit gelukkig voltooi en is baie dankbaar om te kon deelneem."

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Desember 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 26 November: Ds GJ (Gert) van Staden (74) (emeritus)
- Saterdag 27 November: Ds MA (Michael) Müller (29) (Klerksdorp-Wilkoppies)
- Sondag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (75) (emeritus/Zoutpansberg/Waterberg/Rust der Winter) en ds SH (Fanie) Willers (35) (beroepafwagting)
- Dinsdag 30 November: Ds JF (Jan) Wilson (66) (emeritus)
- Woensdag 1 Desember: Ds AS (At) van den Berg (81) (emeritus) en prof Y (Yolanda) Dreyer (65) (UP/Nederlandssprekende Gemeente)
- Donderdag 2 Desember: Ds JPJ (Kalla) Fourie (73) (emeritus)
- Vrydag 3 Desember: Dr SM (Sanrie) de Beer (52) (Philadelphia/Bybelgenootskap)



Ds Colin Hertzog

## Gemeentes en bediening

- Die laaste uitgawe van **Blitspos** vanjaar is dié van 9 Desember, en die eerste uitgawe van 2022 dié van 13 Januarie. Die **Sinodale Dienssentrum sluit** op Woensdag 15 Desember 2021 en **heropen** op Maandag 3 Januarie 2022.

- **Ds ZC (Zet) Robberts** (emeritus) is beroep na Villiers (deelytds).

- Emerituspredikant **prof JH (Jan) en Anne Barkhuizen** se e-posadres het verander. Dit is nou **jan.barkhuizen47@gmail.com**.

- Op Donderdag 18 November is 'n **diensvlakooreenkoms** aangegaan tussen die **NHKA en die Association of Christian Religious Practitioners (ACRP)**. Die ACRP word deur die SA Kwalifikasieowerheid (SAQA) kragtens die Nasionale Wet op 'n Kwalifikasiesraamwerk (Wet No 67 van 2008) erken as professionele liggaam vir godsdienstrykpraktisyns in Suid-Afrika. Die organisasie bied predikante die geleentheid om as professionele pastorale beraders te registreer en te



Ds Zet Robberts



praktiseer. Predikante en predikers kan ook via die ACRP erkenning kry vir voortgesette bedieningsopleiding. Langs hierdie weg kan ongeskoolde predikers ook erkenning kry vir praktiese bedieningservaring en verskillende toerustingskursusse sodat hulle later ook voldoen aan die toelatingsvereistes vir formele teologiestudie. Gemeentes en predikante wat dus betrokke wil raak by die opleiding van plaaslike kerkleiers, kan dit in samewerking met die ACRP aanpak in die wete dat diegene wat die kursusse deurloop, volwaardige erkenning sal kry vir die opleiding wat hulle ontvang. So wil die NHKA saam met die ACRP 'n bydrae maak om kerklike leierskap en die pastorale beroep oor 'n breë front in Suid-, Suider- en sub-Sahara-Afrika te bevorder. Die NHKA dra finansieel by tot die ACRP se instandhoudingsfonds en benut 'n seleksie van die ACRP se dienste. **Op die foto op die vorige bladsy** onderteken ds Willem Kok, skriba van die Kommissie van die AKV, en ds Tertius Erasmus die ooreenkoms.

- **VAKATURE VIR SENIOR LEKTOR / MEDEPROFESSOR / PROFESSOR (een pos): UP Fakulteit Teologie en Religie, Departement Praktiese Teologie en Missionale Studies.**

#### **Vereistes**

Doktorsgraad in Praktiese Teologie.

*Vir Senior Lektor:* Minstens drie jaar nagraadse doseerervaring en minstens drie publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte.

*Vir Medeprofessor:* Minstens vyf jaar nagraadse doseerervaring en minstens ses tot agt publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte.

*Vir Professor:* Minstens agt jaar nagraadse doseerervaring en minstens tien tot 15 publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte.

**Sluitingsdatum: 15 Desember 2021.** Indien geen antwoord van UP teen 31 Januarie 2022 ontvang is nie, was die aansoek onsuksesvol.

#### **Volledige inligting**

Mev Jeanette Schoeman, [jeanette.schoeman@up.ac.za](mailto:jeanette.schoeman@up.ac.za) vir navrae oor die aansoek, en prof J Pillay, [Jerry.pillay@up.ac.za](mailto:Jerry.pillay@up.ac.za) oor die posinhoud.

Meer inligting is ook elektronies op UP se webblad gelaaai by die volgende skakel:

[https://upnet.up.ac.za/psc/career/EMPLOYEE/HRMS/c/HRS\\_HRAM.HRS\\_APP\\_SCH-JOB.GBL?Page=HRS\\_APP\\_SCHJOB&Action=U&FOCUS=Applicant&SiteId=5](https://upnet.up.ac.za/psc/career/EMPLOYEE/HRMS/c/HRS_HRAM.HRS_APP_SCH-JOB.GBL?Page=HRS_APP_SCHJOB&Action=U&FOCUS=Applicant&SiteId=5)

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Carletonville.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA wat hierdie werkruimte deelyds kan bedien.

**Gemeenteprofiel:** Die gemeente bestaan sedert 1958 en is een van twee NHKA-gemeentes in Carletonville. Die sieletal is tans ongeveer 365. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n gemiddelde ouderdom van 57 jaar. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook 'n ruim, gerieflike pastorie.

**Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passiewolte verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-ervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente verwag van aansoekers om 'n erediens in die gemeente waar te neem en die volgende vraelyste te voltooi en terug te stuur:

- Persoonlike inligting.
- MBTI-persoonlikheidsprofiel.
- Spiritualiteitstipe.

**Aansoeke sluit op 30 November 2021** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, [nhkacville2@gmail.com](mailto:nhkacville2@gmail.com). Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Centurion-Oos.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA vir die voltydse standplaas van hierdie gemeente wat op 1 Desember 2021 vakant sal raak.

## **Gemeenteprofiel**

Gemeente Centurion-Oos is een van agt Hervormde gemeentes in die ring van Pretoria-Wes. Die gemeente is in 1965 gestig. Die sieletal van die gemeente is sowat 741, waarvan 606 belydende lidmate is. Die ouderdomsgroepering is redelik verspreid, met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal met kombuis en kategeselokale. Die gemeente beskik oor 'n ruim vierslaapkamerpastorie met 'n gevestigde tuin in 'n woongebied weg van die kerkgebou af.

Hierdie tipies voorstedelike gemeente bedien Lyttelton, Doringkloof, Zwartkop, Pierre van Ryneveld, Hennospark, Clubview, Highveld, Monumentpark, Irene, Kloofsig en Ecopark.

Die gemeente word bedien deur 'n voltydse predikant, 'n deeltydse predikant en twee ingekontrakteerde predikante met spesifieke opdrag. Die gemeente is bekend vir luisterryke eredienste, gemeentesang, warm liefde en uitreik na mekaar en die gemeenskap, en bo alles vir verrykende toerusting in die vorm van Bybelstudie, Bybelskole, aanlyn kursusse en prediking.

## **Waardes**

- 'n Lewende verhouding met God.
- Navolging van Jesus Christus.
- Oop vir die leiding van die Heilige Gees.
- Geestelike groei.
- Diensbaarheid.
- Onderlinge gemeenskap van gelowiges (*koinonia*).
- Ononderhandelbare Bybelse beginsels.
- Kritiese Skrifbeskouing.
- Dinamiese, relevante bedieningsmetodes.
- Uitnemendheid.

## **Visie**

God regeer as Koning en laat ons toe om deel van sy koninkryk te wees:

- God roep ons om sy koninkryk sigbaar te maak in die wêreld.
- Ons word verdiep in die geloof deur die werking van die Woord en Gees.
- Ons is dissipels wat dissipels maak wat dissipels maak.
- Ons is 'n geloofsgemeenskap gekenmerk deur warmte, liefde en gasvryheid.
- Ons is 'n gemeente wat met omgee en troos uitreik na die wêreld.

Ons is deel van talle geloofsgemeenskappe wat dien in die koninkryk van God.

## **Missie**

Ons missie is om ons Heer en Verlosser te eer, deur bewustelik die gemeente voortdurend met Woord en Gees (geestelik) op te bou as dissipels wat –

- omgee vir mekaar en die gemeenskap;
- mekaar en die gemeenskap bedien met die gawes wat die Heilige Gees vir elkeen gee;
- besorg is daarvoor dat alle mense binne hul werk- en lewensterrein voortdurend na God sal terugkeer; en
- dissipels maak.

## **Posbeskrywing**

Dit is 'n voltydse standplaas met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word, met inagneming van die leraar se aantal jare diens. Voorts sal die leraar ook van 'n selfoontoelaag voorsien word. Die leraar kan 'n keuse uitoefen of hy/sy die pastorie wil bewoon of self behuising wil voorsien, in welke geval 'n onderhandelde behuisingssubsidie en betaalde munisipale dienste en tuindienste verskaf sal word.

## **Aansoeke**

**Aansoeke sluit op 1 Desember 2021.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die skriba, Andries Steyn, by [andries@zonemail.co.za](mailto:andries@zonemail.co.za). Navrae kan

aan die skriba gerig word (082 800 6800). Die Kerkraad behou die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie, of 'n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om 'n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **VAKATURE VIR ADMINISTRATIEWE BEAMPTE: Gemeente Primrose-Oos.** Aansoeke word ingewag vir die pos van Administratiewe Beampte vir Gemeente Primrose-Oos. Die kantoor is in die kerkgebou, Lucystraat 7, Homestead gevestig. Diensaanvaarding is 1 Maart 2022.

### Posbeskrywing

Die pligte behels kantooradministrasie en is ondersteunend van aard. Die pos verg die toepassing van goeie administratiewe vaardigheid in terme van dagboekbestuur, die uitvoering van take oor 'n wye terrein van gemeentelike werk, skakeling met lidmate en gemeentes, opstel en versorging van amptelike dokumente, en elektroniese liassering.

### Vereistes

- Graad 12 of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
- Geldige rybewys.
- Uitstekende administratiewe vaardigheid.
- Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, in gesproke sowel as geskrewe taal.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van Sage Accounting en Microsoft Office-programme is 'n vereiste.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van multi- en sosiale media, onder andere Facebook, webblad, Instagram, YouTube en WhatsApp om skriftelike en elektroniese kommunikasie te skep, te koördineer, te verwerk en te publiseer.
- Ondervinding in die koördinering van geleenthede en projekte soos doopgeleenthede, begrafnisse, belydenisaflegging en fondsinsamelings.
- Goeie organisatoriese vaardighede ter ondersteuning van die leraar en die kommissievoorsitters.
- Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydbestuur toe te pas.
- Vermoë om vergaderings te organiseer, sowel via elektroniese platforms as in persoon.
- Handhawing van streng vertroulikheid.
- Moet bereid wees om fleksietyd te werk.

### Werkure en voordele

- Weekdae 09:00 tot 13:00; Sondag 10:00-11:00.
- 'n Markverwante salaris sal onderhandel word.


Aansoekers moet 'n CV aan [primroseooskantoor@gmail.com](mailto:primroseooskantoor@gmail.com) stuur teen **3 Januarie 2022**. Onderhoude sal in Januarie 2022 gevoer word. Die geskikte kandidaat sal vir 'n tydperk aangestel word, waarna permanente aanstelling oorweeg sal word. Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

- **Gemeente Randburg** het 'n **preekgeleentheid** beskikbaar vir **19 Desember**. Kontak ds Jaco van Sittert by [jacovs@nhk-randburg.co.za](mailto:jacovs@nhk-randburg.co.za) of die sekretariële beampte, mev Elna van der Walt, by 011 787 4983.
- **Gemeente Witrivier** het 'n **preekgeleentheid** beskikbaar vir **19 Desember**. Vergoeding sal vir die preek, reiskoste en tolgelde betaal word. Kontak asseblief Mischa Slabbert (skriba Witrivier) by 074 121 1556 of Henriëtte Korf (sekretariële beampte Witrivier) by 060 635 4706 of 013 750 2259 (weekdae tussen 07:00 en 12:00).
- Die gekombineerde gemeentes **Belfast en Waterval Boven** het **preekgeleenthede** beskikbaar gedurende **Desember en Januarie**. Vergoeding sal vir twee preke, reiskoste en tolhekgelde betaal word. Kontak mev Anita Booyse (skriba Waterval Boven) by 072 590 1052.
- **Gemeente Laer Suidkus** nooi lidmate wat vakansie kom hou aan die Hibiskus-kus van KwaZulu-Natal na ons erediens.

- Port Edward: In die saal van Port Edward Primary School, Fifeweg, Port Edward elke Sondag om 08:00.
- Port Shepstone: In die kerkgebou by Scottstraat 3, Port Shepstone elke Sondag om 09:30.
- Geloftedag: Slegs Port Shepstone om 09:00.
- Kersfees: Port Shepstone om 07:00 en Port Edward om 08:00.

## Kerklke publikasies

- In die **November/Desember 2021-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** lui ons die spreekwoordelike Kersfeesklokke met die gepaste artikel *Die Kersgety is kosbaar* van **ds Denise Schmidt**. **Ds C Johann de Bruin**, kurator van die SP Engelbrecht-museum, deel die geskiedenis van 16 Desember 1838 en die viering van Geloftedag 183 jaar later in *Dáár by Bloedrivier!* **Ds Hannelie Botha** en 'n paar medewerkers gee beproefde *Boererate en wenke* vanaf skoonmaakmiddels tot gesondheidswenke. *Port Elizabeth se Oupa-en-Ouma-Tuindag-ete* is die breinkind van die NHSV Port Elizabeth, en **Elsie Slabbert** vertel van die heerlike kuier met hul tema *My hart is op die plaas en my stert is in die stad*. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



**Bybelse Dagboek / Almanak 2022**  
R200 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

**Bepaalde oplaag – bestel by [boekwinkel@nhk.co.za](mailto:boekwinkel@nhk.co.za)**

- **Mev Sarie Roux sal van Donderdag 25 November af slegs per e-pos na [boekwinkel@nhk.co.za](mailto:boekwinkel@nhk.co.za)** bereik kan word. Die telefoon sal nie beantwoord word nie te midde van die bedrywige ontvangs en verspreiding van die *Almanak/Bybelse Dagboek*.

## Toerusting



Departement van Teologie  
in samewerking met die



NHKA  
HERVORMDE Kerk VAN AFRIKA

### Diploma in Bediening Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6  
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deelyds



**Toelatingsvereistes**  
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkradslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

**Inskrywings vir Januarie 2022 open 1 Oktober 2021**

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

Navrae: Ds Bouwer Serfontein  
E-pos: [ministry@skillspro.co.za](mailto:ministry@skillspro.co.za)  
Selnommer: 082 339 7854

- **NIMSA-konferensie & Algemene Jaarvergadering**  
**Dinsdag 30 November 09:00-13:00 via Zoom**  
Tema: Die beroepsproses  
Aanbieder: Dr Frederick Marais  
(Network for Interim Ministry in SA)  
Registrasieskakel: <https://qkt.io/NIMSA>

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.
- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil elkeen uitnoui na die eerstejaarskamp, kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **<https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6>** of skandeer die kode.
- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.
- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem en julle ook uitnoui na ons Aanvangskamp vir 2022. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.



## 'n Gediggie

Die Tsitsikammamma  
in die Tsitsikammabos  
voer  
haar Tsitsikammakietsie  
Tsitsikammakietsiekos.  
Toe sê die Tsitsikietsie:  
"Ek is Tsitsikatjielus  
vir 'n Tsitsikatjiepiering  
vol van Tsitsikatjievies."  
Die Tsitsikammamma  
maak toe kamma  
'n verskoning  
en sê daar is g'n Kietsiekos  
in die Tsitsikammawoning.  
Toe sê die Tsitsikietsiekat:  
"O Kietsiekatgedorie!"  
En dis die end  
van die  
Tsitsikammatsitsikietsiestorie.

**Philip de Vos**  
(Uit: *Mallemeuleman*, 2004)

## Konserte en feeste

- **Gemeente Horison Roodepoort** bied 'n **Kerslig-sangaand** aan op **Saterdag 27 November om 18:00**. Bekende sanger Mathys Roets tree op in die kerkgebou in Georginiastraat 34, Horison Roodepoort, waarna 'n driegangete in die kerksaal geniet word. Kaartjies beloop **R130 per persoon**. Vir navrae en besprekings, kontak dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of **gnel074@gmail.com**.

## Barmhartigheid

- **NHSV tak-jaarverslae.** Sporadiese inperkings in 2021 as gevolg van Covid-19 het steeds 'n impak gehad op die normale funksionering van die NHSV. Die Hoofbestuur moes noodgedwonge wéér die tak-jaarverslag aanpas en daarom is dit vanjaar baie korter. Let asseblief daarop dat takke hul besture se besonderhede volledig moet invul sodat ons dit kan vergelyk met ons databasis. Verder wil ons graag weet of daar wel vergaderings, byeenkomste en fondinsamelings plaasgevind het. Antwoord slegs JA of NEE. Vir die Hoofbestuur is die inligting in die tak-jaarverslae van groot waarde. Daarom wil ons weer eens 'n beroep op takke doen om dit in te vul en **voor 30 November** aan hul streekvoorsitters te stuur. 'n Opregte woord van dank aan die besture wat só getrou die verslae invul. Laai die dokument [hier](#) af.
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**  
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**  
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer  
Verblyf met 3 etes ingesluit  
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand  
24-uur-versorging onderhandelbaar  
(maksimum R8 000 per maand deekamer)  
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089  
[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)  
[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)
- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguistsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of [HannelieF@otmt.org](mailto:HannelieF@otmt.org).
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoning te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Fondsinsamelings

- **Kersmark Vrydag 26 November 17:00**  
Kokerboomstraat 16, Kathu  
Kom geniet braaivleis en slaaie

Varsgebakte koek en tert  
Klein koekies en beskuit  
Pannekoek en vele meer  
Navrae: [waldopretorius@gmail.com](mailto:waldopretorius@gmail.com)

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## 'n Gebed vir Advent

Vader, net soos U Johannes die Doper vooruit gestuur het om die weg te berei vir Jesus, help my om ook die pad in my hart toeganklik te maak. Wys my die afleidings in my lewe wat my in hierdie Adventtyd daarvan weerhou om U met my hele hart te aanbid. Heer, ek wag op u koms! Terwyl ek die eerste Advent – u eerste koms – herdenk, wag ek op die dag dat ek U van aangesig tot aangesig sal ontmoet. O, ek wil my dit so graag voorstel! Maak my hart ontvanklik, Heer, sodat ek elke dag vir u koms gereed sal wees. Help my om so te leef dat ek deurgaans na u teenwoordigheid sal soek. Ek bring vir U my lewe, wat ek net met die genade van Jesus regverdig en opreg kan leef. Wys my vandag hoe ek gesuiwer en vergewe kan word. Gee my die krag om te vra vir vergifnis, en om dan te leef soos U van my verwag. Amen.

(Sarah Martin: *The Awe & Wonder of Advent: Day 18*)

[www.christianity.com/wiki/prayer/pray-for-advent-the-best-advent-prayers.html](http://www.christianity.com/wiki/prayer/pray-for-advent-the-best-advent-prayers.html)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)